

'n Terugkeer na die onderdrukking van vryheid van spraak? Ooreenkomste tussen die apartheidsregering(s) en die ANC se optrede teen die media

A return to the repression of freedom of speech? Similarities between the apartheid government(s) and the ANC's actions against the media

PIETER J FOURIE

Departement Kommunikasiewetenskap, Universiteit van Suid-Afrika,
Pretoria
fouripj@unisa.ac.za



Pieter Fourie

PIETER J. FOURIE is professor in kommunikasiewetenskap aan die Universiteit van Suid-Afrika waar hy ook vir sewentien jaar hoof van die Department was. Hy het meer as vyftig navorsingsartikels op die gebied van mediastudie, mediasemiotiek en film- en televisieteorie gepubliseer, asook 'n aantal boeke en hoofstukke in boeke oor die genoemde onderwerpe. Fourie is die afgelope 23 jaar die redakteur van die geakkrediteerde tydskrif *Communicatio: South African Journal for Communication Theory and Research* en op die redaksierade van 'n aantal navorsingstydskrifte op die gebied van die kommunikasiewetenskap. In 2003 het hy die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns se Stalsprys ontvang vir kommunikasiewetenskap. In 2007 word hy verkies tot navorsingsgenoot van die International Communicology Institute (VSA). Sy mees onlangse boekpublikasie is as redakteur en skrywer van die tweede uitgawe van drie omvattende volumes in mediastudie, te wete: *Media Studies Volume 1: Media History, Media and Society* (2007), *Media Studies Volume 2: Policy, Management, and Media Representation* (2008); en *Volume 3: Media Content and Media Audiences* (2009), Kaapstad, Juta.

PIETER J. FOURIE is professor in communication science at the University of South Africa where he was also head of the department for seventeen years. He has published more than fifty research articles in the field of media studies, media semiotics, and film and television theory, as well as a number of books and chapters in books on the above-mentioned topics. Fourie has been the editor of the accredited research journal *Communicatio: South African Journal for Communication Theory and Research* (published by Unisa Press and Routledge) for the past 23 years and serves on the editorial boards of a number of research journals in the field of communication and media studies. In 2003 he was awarded the Stals Prize for communication science in South Africa by the South African Academy of Science and Arts (die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns). In 2007 he was elected fellow of the International Communicology Institute (USA). His most recent book publication is as editor and author of the second editions of the comprehensive three part media studies series (published by Juta, Cape Town), namely, *Media Studies Volume 1: Media History, Media and Society* (2007), *Media Studies Volume 2: Policy, Management, and Media Representation* (2008); and *Volume 3: Media Content and Media Audiences* (2009).

ABSTRACT***A return to the repression of freedom of speech? Similarities between the apartheid government(s) and the ANC's actions against the media***

The purpose of the article is to document recent developments in the relationship between the African National Congress (ANC) government and the South African media. In the article the fear is expressed that there may be a return to the repressive techniques and strategies of the apartheid government(s), despite the fact that the ANC has a far more liberal approach to the role of the media in society.

The article starts with a brief introduction to the ANC's Media Charter, which is seen to be the foundation of the Constitutional acceptance of freedom of expression. This is followed by an overview of some of the progressive transformations in the South African media since the ANC assumed political power. The above-mentioned fear is then substantiated with a systematic documentation, firstly, of how the apartheid government(s) has undermined and, secondly, of how the ANC is currently threatening the media with tighter regulation, more control, and with legal action, how it interferes with the independence of the public broadcaster, discredits the media, questions the professionalism of the media, and incites tension within the ranks of journalists.

Specific laws under apartheid that are referred to are the dreaded Publication Act of 1974, the Law on Internal Security of 1976, and measures to control the media under the various states of emergencies. Under the ANC the Films and Publications Amendment Bill (2003) and the Bill on the Protection of Information (2008) are cited.

As far as interference with the public broadcaster is concerned, references are made to the controversial Broadcasting Amendment Bill (2002) and recent efforts to interfere with the appointment of the SABC board.

As far as blaming the media and attacks on the media are concerned, numerous examples from the apartheid government to the ANC are dealt with, ranging from blaming the English and foreign press for misinterpreting the policies of apartheid to the ANC's constant criticism that the media are still mainly white owned and for that reason anti-government. Under both regimes there were efforts to acquire their own media. In this regard reference is made to the Information Scandal under apartheid, as well as recent reports about the ANC trying to purchase Johnnic Communications (2007) and in 2008 the Sowetan.

The apartheid government(s) were known for their commissions of enquiry into the press (media), often lasting for several years and resulting in the establishment of regulatory authorities (despite the presence of existing regulatory measures and/or organizations). The ANC now threatens with a Media Appeal Tribunal, despite the existence of the Independent Communications Authority of South Africa (Icasa), the Press Ombudsman and the Press Council, and the Broadcasting Complaints Commission of South Africa (BCCSA).

Finally, whereas government under apartheid intentionally or unintentionally created tension between Afrikaans and English speaking journalists, South Africa has recently experienced a flicker of tension between black and white journalists. The article warns that this may cause harm to the solidarity between journalists and that such solidarity is necessary for the well-being of freedom of expression.

In conclusion, the article warns that the above-mentioned actions against the media may contribute to increased self-censorship within the media, obviously with devastating effects for the media's task to inform and enlighten the public. The message being that in spite of Constitutional protection, the struggle for freedom of expression is continuing.

KEY CONCEPTS: Freedom of expression, censorship, media regulation, internal media regulation, apartheid, African National Congress, Afrikaans, ideology, role of the media, media law, public broadcaster, media independence

TREFWOORDE: Vryheid van spraak, sensuur, media regulering, interne media regulering, apartheid, African National Congress, Afrikaans, ideologie, rol van die media, mediareg, openbare uitsaaier, media-onafhanklikheid

OPSOMMING

Die doel van die artikel is om resente ontwikkelinge in die verhouding tussen die African National Congress-regering en die Suid-Afrikaanse media te dokumenteer. In weerwil van die ANC se meer liberale opvatting oor die rol van die media in die samelewing en in 'n demokrasie, word die vrees uitgespreek dat daar 'n terugkeer mag wees na onderdrukkende mediaregulering soos wat dit onder apartheid bestaan het. Ná 'n kort inleiding oor die ANC se Mediahandves, wat gesien kan word as die basis vir die erkenning en waarborg van vryheid van spraak in die Grondwet, asook 'n kort beskrywing van belangrike progressiewe ontwikkelinge wat die media ondergaan het sedert die ANC aan bewind gekom het, word die vrees gesubstansieer met die dokumentasie van spesifieke voorbeelde van media-onderdrukking in die apartheidsera en van die ANC se huidige hantering van die media. Daar word in die besonder op die volgende gelet: dreigemente van verskerpte regulering, die aantasting van die onafhanklikheid van die openbare uitsaaier, die diskreditering van die media, dreigemente om eie media aan te skaf, vrae oor die professionalisme van joernaliste, en die aanhitting van konflik tussen joernaliste. Die artikel eindig met 'n waarskuwing dat die stryd vir die voortbestaan van vryheid van spraak voortgaan en dat hierdie reg ten alle koste verdedig moet word.

1. INLEIDING: DIE DEMOKRATISERING VAN DIE SUID-AFRIKAANSE MEDIA

Sedert die begin van die einde van apartheid in die 1990s ondervind Suid-Afrika 'n demokratisering van sy media en medialandskap. Veranderinge wat plaasgevind het, vind aansluiting by die beginsels van die African National Congress (ANC) se Media Handves (African National Congress 1992). Hierdie Handves kan gesien word as die basis vir die erkenning van vryheid van spraak en 'n vry media in Suid-Afrika, soos geformuleer in die land se Grondwet en Handves van Menseregte. Die Handves en die uitvoering van die beginsels daarvan kan ook gesien word as die resultaat van die werk van belangrike burgerlike organisasies tydens die stryd teen apartheid en kort daarna, soos die Campaign for Open Media, die Campaign for Independent Broadcasting, Jabulani, en nieregeringsorganisasies soos die Media Institute of South Africa (en sy Suid-Afrikaanse tak, Misa), die Freedom of Expression Institute (FXI), en die Open Society Initiative of Southern Africa (Osisa).

Die Mediahandves maak voorsiening vir onder meer die volgende: die beskerming van die vryheid van spraak en die vryheid van die pers (media), die vryheid om inligting te versamel, te gebruik en te versprei, die ontwikkeling en implementering van prosesse wat die juridiese en ekonomiese demokratisering van die media sal waarborg, die beskerming, groei en onafhanklikheid van die openbare sowel as private mediasektore, verbeterde toegang vir almal tot die media, die reg van mediawerkers (insluitend hul reg op onderwys en opleiding), en, in die algemeen, die bevordering van 'n vrye en demokratiese mediakultuur.

Vir die eerste paar jaar ná die val van apartheid het dit voorspoedig gegaan met media-ontwikkelinge. Beleid en beleidsontwikkeling en -implementering was in voeling met die beginsels

van die Mediahandves en die beginsels van vryheid van spraak. Ontwikkelinge in die Suid-Afrikaanse media was ook in ooreenstemming met internasionale ontwikkelinge in die mediamark soos die liberalisering, privatisering en die internasionalisering van media-eienaarskap. Eweneens het beleid dit vir die media moontlik gemaak om in voeling te kom en te bly met die nuutste ontwikkelinge op die gebied van inligtings- en -kommunikasietegnologie en die konvergensie wat dit tussen verskillende media meebring.

Nuwe uitsaaier-, telekommunikasie-, kompetisie-, arbeids-, sensuur- en regulatoriese wetgewing is aanvaar wat kernontwikkelinge soos die volgende onder die ANC se bewind in die media tot gevolg gehad het:

- die herstrukturering en transformasie van die openbare uitsaaier (die SAUK)
- die oprigting van gemeenskapsradiostasies
- die bemagtiging van swart media-eienaarskap en mediabestuur
- die (gedeeltelike) liberalisering van die telekommunikasiemark
- die instelling van nuwe regulatoriese instansies in lyn met internasionale standaarde en praktyke
- die totstandkoming van nuwe mediagroepes met nuwe produkte, televisiekanale, radiostasies, koerante, tydskrifte en die internet.¹

In weerwil van hierdie ontwikkelinge het die ANC en van sy amptenare egter reeds kort ná bewindsoorname in 1994 begin om met uitsprake oor en dreigemente teen die media die apartheidsregering(s) se houding en optrede teenoor die media na te boots.

Die doel van hierdie artikel is om ooreenkomste tussen die apartheidsregering(s) en die ANC-regering se hantering van die media uit te wys en om daarmee te waarsku dat vryheid van spraak en die vryheid van die media in weerwil van die erkenning daarvan in die Grondwet opnuut bedreig word.

Die artikel kan dus gelees word as 'n vroeë waarskuwing dat die ideaal en die stryd om vryheid van spraak en die media steeds en toenemend voortduur. In hierdie opsig is die artikel 'n voortsetting van werk wat reeds begin het in 'n artikel getitel *Rethinking the role of the media in South Africa* (Fourie 2002).

Die uitwysing van ooreenkomste geskied met voorbeelde van optredes soos

- dreigemente oor strengere regulering
- immenging met die onafhanklikheid en outonomie van die openbare uitsaaier
- besware teen en diskreditering van die media
- bevraagtekening van die professionaliteit van joernaliste, en
- aanhitsing tot twis onder joernaliste ten einde joernalistieke solidariteit te skend

Hierdie optredes teen die media loop uit op 'n voortdurende bevraagtekening van die rol van die media in die samelewing. Sodanige bevraagtekening gee weer aanleiding tot onsekerheid by die media self, asook 'n wantroue in die media onder die publiek. Beide het gevolg vir hoe die media sy taak om in te lig, voor te lig, en om die openbare mening te rig, sien en uitvoer.²

¹ Vir 'n meer volledige bespreking van sodanige ontwikkelinge, sien Fourie, Nel en Wigston (2006).

² Oor die rol van die media in die samelewing, sien onder meer Berger (1999), Steenweld (2004), Fourie (2008).

Die bevraagtekening van die rol en waarde van die media is natuurlik nie ’n unieke Suid-Afrikaanse verskynsel nie. Regerings dwarsoor die wêreld is dikwels ongemaklik met hul media. Dit blyk wel ’n groter probleem in Afrika te wees, waar demokratiese waardes soos vryheid van spraak en die media nie ’n lang en ingeburgerde geskiedenis het nie (Blake 1997; Ogbondah 1997).

Tetty (2001) beskryf byvoorbeeld hoe, in weerwil van die erkenning van vryheid van spraak en die demokratiese rol van die media, daar in baie Afrikalande nog van die media verwag word om slegs die belange van die regering te dien. Hy beskryf hoe die media se demokratiese regte ondermyn word, hoe die media dikwels gekarakteriseer word deur selfsensuur en hoe die media aan bande gelê word deur die filosofie van ’n sogenaamde ontwikkelingsjoernalistiek. Soos Bourgault (1995:173) dit stel:

In Africa too often the role of the press as government watchdog [was] overshadowed by its role as the public cheerleaders for development efforts.

Deesdae word hierdie normatiewe sentiment oor die ontwikkelingsrol van die media (weer) te dikwels in Suid-Afrika gehoor.

In Afrika is daar ook beskrewe “tegnieke” om die media “in toom te hou”. Hieroor het Ogbondah reeds in 1997 soos volg geskryf :

... the problem is not that there is an absence of a body of laws and constitutional provisions guaranteeing (media) freedom. The problem is that arbitrary actions, extra-legal measures and instruments of violence and coercion are utilized by the state in attempts to curb the right to free expression. (Ogbondah 1997:283)

In die oorblywende deel van die artikel word van hierdie “tegnieke” (of dan “actions” soos Ogbondah dit noem) of optredes teen die media soos wat dit onder apartheid gepleeg was en nou weer onder die ANC gepleeg word, gedokumenteer. Dit gaan spesifiek om voorbeelde van

- wetgewing
- immenging met die onafhanklikheid en outonomie van die openbare uitsaaier
- beskuldigings, klagtes, diskreditering en aanvalle op die media
- dreigemente om eie media aan te skaf
- kommissies van ondersoek en dreigemente oor verdere regulering
- aanhitsing tot twis onder joernaliste ten einde joernalistieke solidariteit te skend

Gegee die resentheid van die gebeure is die bronne hoofsaaklik koerante en geskied interpretasie en afleidings teen die agtergrond van beskouings oor die rol en belang van die media vir demokrasie en met inagneming van beskouings oor die politieke ekonomie van die media.

2. WETTE EN JURIDIESE OPTREDE

Apartheidsregering(s), die media en die gereg

In hul seminale werk oor die media onder apartheid, *Total Onslaught: The South African Press Under Attack* (1984), beskryf Hachten en Giffard in detail hoe ’n magdom wette en dreigemente van verskerpte juridiese optrede die apartheidsregering(s) se houding teenoor die media gekarakteriseer

het.³ Vir Hachten en Giffard (1984) was die hoofdoel met hierdie wette “to close off from public scrutiny and criticism the widespread imposition of official control over the black population and the increasing activities of the police and military forces”.

Nie alleen het die regering onbeperkte mag gehad om inligting van die publiek te weerhou nie, maar die vae formulering van juridiese bepalings wat met aspekte soos staatsekuriteit, die bekamping van terrorisme, ensovoorts, verband gehou het, het dit vir joernaliste moeilik gemaak om presies te weet wanneer hulle binne of buite die wet opgetree het. Hierdie onsekerheid het uiteindelik tot ’n oorversigtigheid en selfsensuur gelei.

As ’n voorbeeld van drakoniese wetgewing hoef ’n mens slegs na die berugte Publikasiewet van 1974 te verwys.⁴ Die wet het voorsiening gemaak vir sensuur as iets (vaagweg) as “onaanvaarbaar” bestempel kon word. ’n Film, ’n boek, ’n koerant, pamflet, tydskrif, of wat ook al, kon verbied word indien dit of ’n deel daarvan beoordeel is as synde onweloweglik, obseen, beledigend en/of skadelik vir die moraliteit van die publiek; beskou is as lasterlik of beledigend vir die godsdienstige opvattinge of gevoelens van enige deel van die bevolking; ervaar is as ’n bespotting van enige deel van die bevolking; die potensiaal gehad het om verhoudings tussen verskillende bevolkingsgroepe te skaad; ’n bedreiging ingehou het vir die veiligheid van die staat en/of vir die algemene welsyn, vrede en goeie orde (Oosthuizen 1989:27).

Indien ’n werk onaanvaarbaar gevind is, is dit verbied en die verspreiding en besit daarvan was strafbaar. Die wet het aanleiding gegee tot die verbod op werke wat politieke geweld in enige vorm sou kon aanwakker, die verbod op politieke inhoud wat gesien kon word as ’n bedreiging vir die politieke status quo (die ideologie van apartheid), werke wat as nadelig vir veral christelike morele waardes gesien kon word, en werke wat moontlik as pornografie gesien kon word. Die wet het nie net tot die verbod van Suid-Afrikaanse media en werke gelei nie, maar ook tot die van internasionale werke, insluitend bekroonde werke, hetsy films, boeke, ensovoorts.

Nog voorbeelde van apartheidswetgewing wat die media aan bande gelê het, is die Wet op Binnelandse Veiligheid van 1976 onder die premierskap van John Vorster. Hierdie wet was ’n uitbreiding op die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme (1950) en het onder meer die minister van justisie bemagtig om organisasies en publikasies te verbied en om lede van verbode organisasies soos die ANC en die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party in hegtenis te neem of om hul bewegings te beperk.

Onder die noodtoestand wat op die onluste in Soweto in die middel van die 1970s gevolg het, is nog strenger beperkinge op die media ingestel. Hierdie beperkings het eintlik neergekom op ’n totale verbod op die publikasie van enige inligting oor die veiligheidsmagte, oor verbode vergaderings, boikotte, onwettige organisasies, “people’s courts”, verbode mense, mense onder huisarres, gevangenes, ondermynende verklarings, insluitend enigiets wat verpligte militêre diensplig gediskrediteer het, enigiets wat mense aangemoedig het om deel te neem aan “onwettige” samekomste, enigiets wat lede van die kabinet in ’n slegte lig sou stel, aanhits tot siviele opstand en burgerlike ongehoorsaamheid in die vorm van, byvoorbeeld, om nie vir dienste te betaal nie, te staak, aan te sluit by en om “onwettige” organisasies te ondersteun, of wat sou aanhits om enige

³ Sien hieroor ook die meer resente boeke soos *Editors under fire* (Tyson 1993), *Final deadline. The last days of the Rand Daily Mail* (Gibson 2007), *Believe in miracles. South Africa from Malan to Mandela and the Mbeki era: a reporter’s story* (Shaw 2008), *The Guardian: The history of South Africa’s extraordinary anti-apartheid newspaper* (Zug 2007) en *Writing left: The radical journalism of Ruth First* (Pinnock 2007).

⁴ Sien ook Stemmet se artikel oor wetgewing onder apartheid in hierdie tydskrif.

daad te pleeg wat deur die kommissaris van polisie as ongewens beskou is en as sodanig in 'n uitgawe van die Staatskoerant aangekondig is.⁵

Waar die bostaande op die sewentigerjare betrekking het, dokumenteer Abel (1995) ook sensuur in die 1980s. Hy fokus in die besonder op die verbod op spesifieke uitgawes van koerante, die toeslaan op die alternatiewe media, die sluiting van koerante soos *New Nation*, ensovoorts. Hieruit blyk dit dat die apartheidsregering in die tagtigerjare voortgegaan het om met wetgewing weerstand te bied teen enige vorm van kritiek en enige inligting, kommentaar of menings wat die verslegtende politieke, ekonomiese en sosiale agteruitgang van die apartheidstaat weerspieël het.

Met die afkondiging van die noodtoestand in 1985 het sensuur verder verskerp. Dagvaardigings aan joernaliste om in die hof te verskyn en hul bronne bekend te maak en die deursoek van redaksionele kantore en die huise van joernaliste was gereelde praktyk. Die destydse minister van buitelandse sake het ook in dié tyd buitelandse joernaliste verdoem oor hul "skewe" beriggewing oor geweld in Suid-Afrika. Terselfdertyd het hy versoek dat Suid-Afrikaanse joernaliste wat vir buitelandse media werk, moet registreer en derhalwe gereguleer word.

In soverre dit die alternatiewe media aangaan, kan verskeie voorbeelde gegee word van hoe koerante soos *South*, *New Nation*, *Cosatu News*, die *Weekly Mail*, en *Vrye Weekblad* gereeld met sluiting gedreig is en hoe uitgawes van hierdie koerante of dele daarvan dikwels verbied is.

Uit die bostaande paar voorbeelde blyk dit duidelik dat die media, in die besonder die gedrukte media, onder apartheid bykans konstant onder die druk van juridiese ingrype en sensuur was. Dit is 'n geskiedenis wat Suid-Afrikaners deesdae te maklik vergeet en aan herinner moet word ten einde hulle bewus te hou van hoe erg dit kan wees as vryheid van spraak ingeperk word en die media genuilband word.

ANC-regering, die media en die gereg

Hoewel vryheid van spraak onderworpe is aan wetgewing wat verband hou met die veiligheid van die staat, die handhawing van orde, openbare moraliteit, privaatheid, die beskerming van kinders, ensovoorts, is meeste van die beperkende wetgewing onder apartheid ná die bewindsoorname van die ANC afgeskaf. Desnieteenstaande is daar 'n aantal onlangse wette, wetsontwerpe, en wysigingswette wat herinner aan die apartheidsjare en wat tot kommer onder joernaliste, mediawerkers, regsgeleerdes en akademici aanleiding gee. Een so 'n wysigingswetsontwerp is byvoorbeeld die voorgestelde Wysigingswet op die Wet op Films en Publikasies (2003).

In Julie 2008 was hierdie wet nog nie aanvaar nie. Verskeie individue, redakteurs, mediagroep, media-eienaars, uitsaaiers, selfoonoperateurs en selfs die reguleerder, the Independent Communications Authority of South Africa (Icasa) (of die Onafhanklike Kommunikasie-owerheid van Suid-Afrika (Okosa)), het hulle besware en kommer oor die voorgestelde wetgewing uitgespreek. Hoewel die voorgestelde wet se primêre doel die uitbreiding van huidige wetgewing oor kinderpornografie is, bestaan kommer dat die wetsontwerp soos tans geformuleer, alle inhoud van alle gedrukte media, uitsaaimedia, en nuwe media soos die internet en die selfoonbedryf aan voorpublikasie goedkeuring mag blootstel. (Uiteraard is die toepassing van regulering van inhoud, veral ten opsigte van die nuwe media, kompleks indien nie (op hierdie stadium) onmoontlik nie.) Indien die wetgewing sou deurgaang, sou dit kon beteken dat enige sekvensie van beelde as 'n film beskou kan word en onderhewig kan wees aan die goedkeuring van die Film-en Publikasieraad. Dít sou beteken dat alles op televisie, oor mobiele telefone (selfone), enige ander media, selfs

⁵ Sien Abel (1995) vir 'n uitgebreide dokumentasie oor bostaande wette en regulasies.

nuus- en sportprogramme (wat uiteraard sekvensies van beelde is), en die aanlynbladsye van koerante op die internet, potensieel verbied kan word. In hul voorleggings aan die Nasionale Vergadering (NV) se Portefeuljekomitee oor Kommunikasie het beswaarmakers dit beklemtoon dat daar reeds voldoende meganismes in huidige regulering is wat kinders teen pornografie en ander ongewenste inhoud beskerm (Dawes 2007:2; Fourie, Nel en Wigston 2006).

In September 2008 het die Suid-Afrikaanse Nasionale Redakteursforum (South African National Editors' Forum) (Sanef) 'n dringende versoek aan die staatspresident gerig, toe nog Thabo Mbeki, om nie die wysigingswet te onderteken en dit daarmee wetgewing te maak nie (Sanef 2008 (a)).

Duncan (2008), direkteur van die Suid-Afrikaanse Freedom of Expression Institute, wys daarop dat hierdie wysigingswet ook 'n direkte poging van die regering is om die onafhanklikheid van Okosa aan te tas. Volgens haar is die hoofdoel van die wysigingswet om aan die Film- en Publikasieraad groter magte te verleen om sogenaamde “kontroversiële” inhoud te klassifiseer en te verbied. Dit sluit die regulering van uitsaai-inhoud in, in weerwil van die Uitsaaiwet se waarborg dat die uitsaaiwese die verantwoordelikheid van Okosa is. (In die laaste weergawe van die wysigingswet is hierdie poging om Okosa in terme van die regulering van “kontroversiële” inhoud te sistap, egter verwyder.)

Nog 'n voorbeeld van wetgewing wat 'n bedreiging mag inhou, is die Wetsontwerp op die Beskerming van Inligting (2008). Soos die Wysigingswet op Films en Publikasies, wek hierdie wetsontwerp kommer in mediakringe en gee dit aanleiding tot grootskaalse kritiek (en verwarring).⁶ Die doel van die wet is om voorsiening te maak vir regulering teen die uitwissing van inligting, die verlies of bekendmaking van sekere inligting, en om voorsiening te maak vir die regulering van die manier waarop inligting beskerm mag word. Die kommer is oor die manier(e) waarop definisies in die wetsontwerp geïnterpreteer mag word. Verder bestaan die vrees dat nasionale intelligensie “are trying to curtail access to information, as the Bill will criminalise the use of secret information to cause disrepute or harm to the state. Furthermore, concerns have been raised about the declassification of Apartheid era documents and the possible instability that this could cause” (Hutton 2008:1).

In soverre dit die gebruik van wetgewing aangaan om publikasies (ook uitsaaiprogramme) te verbied, of om joernaliste te arresteer, is daar nog nie werklike voorbeelde onder die ANC-regering nie. Daar is wel dreigemente. In dié verband kan verwys word na dreigemente in 2007 om die redakteur en 'n joernalis van die *Sunday Times* te arresteer op aanklag van die oortreding van die Nasionale Gesondheidswet. Die joernalis sou die lêer van die minister van gesondheid uit 'n hospitaal gesteel het. Hoewel dit moeilik was om die redakteur en die joernalis van diefstal aan te kla, is die blote besit van die minister se lêer as 'n oortreding gesien. Die koerant het ontken dat die joernalis die lêer gesteel het en aangevoer dat die publikasie van bewerings oor die minister se alkoholisme en drankverwante siektetoestand in openbare belang was. Vir maande lank het die moontlikheid van arrestasie oor die koppe van die redakteur en die joernalis gehang (*Mail & Guardian* 19-25 Oktober 2007).

Nog 'n voorbeeld van Suid-Afrikaanse joernaliste onder bedreiging was twee senior politieke verslaggewers van die SABC wat in Maart 2008 doodsdreigemente ontvang het. Die redes was nie duidelik uitgespel nie. Die twee vroue is gedreig dat hul name op 'n “teregstellingslys” is. Die dreigemente is aangemeld en word deur die polisie ondersoek (*Mail&Guardianonline* 31 Maart 2008).

⁶ Sien, byvoorbeeld, Hutton (2008).

3. INMENGING MET DIE OPENBARE UITSAAIER

Apartheid en die openbare uitsaaier

Die apartheidsregering(s) se kritiek teen en aanslag op die media was hoofsaaklik op die gedrukte media gefokus. Die rede hiervoor was dat die uitsaaiwese hoofsaaklik uit die openbare uitsaaier (die SABC) bestaan het met min tot geen private uitsaaiers of geleenthede vir die private uitsaaiwese en gememeenskapsuitsaaiers nie.⁷ Die SAUK was oorwegend onder die beheer van die staat, tot so 'n mate dat daar dikwels na die SAUK verwys is as 'n staatsuitsaaier eerder as 'n openbare uitsaaier. Die SAUK is ook vir dekades lank deur politieke en akademiese kritici bestempel as “his master’s voice”. Opeenvolgende beheerrade van die SAUK het verseker dat die ideologie van afsonderlike ontwikkeling en die beginsels van christelike nasionalisme uitsaai-inhoud in sy verskeidenheid van vorme en genres geïnspireer, indien nie gedikteer het nie.⁸

Die ANC en die openbare uitsaaier

Heelwat is dus gedoen om die onafhanklikheid van die openbare uitsaaier te verseker toe die ANC in die vroeë 1990s aan bewind gekom het en om die “staatsuitsaaier” in 'n openbare uitsaaier te omskep. Die Groen-en Witskrifprosesse oor die uitsaaiwese, wat gelei het tot die aanvaarding van 'n nuwe uitsaaiwet (die Uitsaaiwet van 1996), is deur baie gesien as 'n voorbeeld vir veral Afrikalande oor hoe om die uitsaaiwese te demokratiseer en oor hoe om demokratiese beginsels en deursigtheid te aanvaar as die basis vir alle prosesse wat betrekking het op die beheer en bestuur van 'n openbare uitsaaier en op die produksie van openbare uitsaai-inhoud.⁹

Dit was eger nie lank voordat die ANC regering begin het met pogings om die openbare uitsaaier te beïnvloed, indien nie om die beheer daarvan oor te neem nie.

In 2002 het kritiek opgevlam toe die regering 'n kontroversiële Wysigingswet op die Uitsaaiwet (2002) ter tafel gelê het. Die wysigingswet is gesien as 'n blatante poging van die regering om politieke beheer oor die uitsaaiwese te verkry (Ensor 2002; Smuts 2002). Van die kontroversiële doelstellings was byvoorbeeld om dit van die raad van SABC te verwag om beleid oor program- en nuusinhoud te ontwikkel wat deur die minister van kommunikasie goedgekeur sou moes word. Hierdie doelstelling is as ongrondwetlik bestempel en dat dit die onafhanklikheid en geloofwaardigheid van die SABC sou ondermyn.

In haar verdediging van die wet het die minister van kommunikasie, Ivy Matsepe-Casaburri, die uitsaaiwese, insluitend die SABC, gekritiseer oor

... content that most of the time is about far-away countries and events that have no bearing to our existence. At times foreign rulers are given carte blanche access to our living rooms to propagate their propaganda when our own leaders cannot enjoy the privilege to air their views on important matters about our country.

(*Star* 13 Desember 2002.)

Uitsprake soos hierdie herinner ten sterkste aan uitsprake van apartheidleiers soos Strydom, Verwoerd en Botha (sien latere bespreking).

⁷ Sien Croucamp se artikel in hierdie tydskrif oor die openbare uitsaaiwese.

⁸ Vir 'n geskiedenis van die SAUK onder apartheid, sien onder andere Louw en Tomaselli 1994.

⁹ Sien Fourie 2003 vir 'n bespreking van die beginsels van die openbare uitsaaiwese en die vroeë geskiedenis van die “nuwe” SABC.

Ná verskeie debatte is die Wysigingswet se bepalings oor program, taal en redaksionele beleid vir ministeriële goedkeuring vervang met die verwysing daarvan na Okosa wat, soos dit is, toesig het oor die SABC se uitvoering van sy openbare uitsaaimandaat.

Dit was egter nie die einde van die regering se pogings om die onafhanklikheid van die openbare uitsaaiër aan te tas nie. Deur die loop van 2006/2007 was daar gereeld in die media berigte oor die regering se inmenging, maar ook oor die uitsaaiër se toenemende bereidwilligheid om na die regering se pype te dans. Dit sluit berigte in oor die SABC se besluit om nie 'n dokumentêre program oor president Thabo Mbeki uit te saai nie en die bestaan van 'n swartlys met die name van ANC-kritiese politieke kommentators wat nie deur die SABC gebruik mag word nie.¹⁰

Kortom, die regering se pogings om beheer oor die openbare uitsaaiër te kry en die SABC se eie noue verbintenis met die regering herinner sterk aan die apartheidsregering se verhouding met en misbruik van die SAUK. Met nuusopskrifte soos “Problems with SABC reach crisis point” (Sosibo 2007:6), “Propaganda as journalism?” (Mashele 2007: 30), “Inside the SABC – The SABC Board defied its own injury by refusing to publish its findings on blacklisting ...” (Haffajee 2006: 4-5) en “SABC simply incredible – A report finds that the national broadcaster is regarded by viewers as soft on government” (Basson 2007:4) het daar oor die afgelope vyf jaar 'n duidelike beeld ontwikkel oor die verhouding tussen die uitsaaiër en die regering en oor die uitsaaiër se verlies aan geloofwaardigheid as 'n onafhanklike openbare uitsaaiër.

In openbare debatte hieroor word die argument oor die rol van die media in ontwikkeling, in die besonder dié van die openbare uitsaaiër, dikwels voorgehou. 'n Voorbeeld hiervan was die SABC-raadslid Thami Mazwai se berugte uitspraak oor die rol van die SABC. In 2006 het hy in 'n onderhoud met die *Mail&Guardian* oor die SABC se swartlys en ander politiek-verdagte optredes van die SABC aangevoer dat

... the role of the public broadcaster should not be one of a *watchdog* but rather that of a *guide dog*; not to inform the public as its principal role, but to rather serve the community by educating the community. (Haffajee 2006)

Nog 'n voorbeeld van inmenging is die bohaai vroeg in 2008 oor die aanstelling van die SABC-raad. In April 2008 het die Nasionale Vergadering (NV) se Portefeuljekomitee oor Kommunikasie 'n mosie van wantroue in die raad van die SABC ingedien. Dit het gevolg ná ongelukkighede oor Mbeki se aanwysing en bekragtiging van raadslede ná die ANC se 52ste jaarkongres in Polokwane (hierna verwys as die Polokwane-kongres). Tydens dié kongres het 'n politieke breuk in die geledere van die ANC duidelik geword met die verkiesing van Jacob Zuma as die ANC se nuwe president in die plek van Mbeki. Die ANC onder Zuma is ooglopend nie gelukkig met Mbeki se raadslede vir die SABC nie. Vandaar die mosie van wantroue. Die raad het op sy beurt weer die SABC se groep-uitvoerende hoof, Dali Mpofu ('n Zuma-man), in die pad gesteeek ('n saak wat in Julie 2008 nog in die hof voortgesleep het), wat op sy beurt weer die SABC se hoof van nuus, Snuki Zikalala, ('n Mbeki-man), ontslaan het.

Op 9 Mei 2008 het Sanef 'n verklaring uitgereik waarin die organisasie versoek het dat prosedures vir die aanwysing van SABC-raadslede hersien moet word ten einde party-politieke inmenging uit te skakel en om te verseker dat die burgerlike gemeenskap 'n groter rol speel. (Dit is in weerwil daarvan dat daar in terme van deursigtigheid hiervoor in die Uitsaaiwet van 1996 voorsiening gemaak word.) Sanef het ook versoek dat die politieke aanstelling van uitvoerende hoofde van die SABC ondersoek moet word (Sanef 2008 (a)).

¹⁰ Sien Duncan 2008 vir 'n evaluasie van Mbeki se rol in wat sy sien as die agteruitgang van vryheid van spraak in Suid-Afrika.

Die jongste in die saga was ’n aankondiging deur die minister van kommunikasie, Matsepe-Casaburri, vroeg in Junie 2008, dat die prosedures vir die aanwysing van die SABC-raad hersien sou word. Uit wat sy gesê het, het dit egter geblyk dat dit om meer as ’n hersiening van die aanwysing van raadslede sal gaan, maar waarskynlik eerder om ’n hersiening van uitsaaiwetgewing oor die openbare uitsaaier in sy geheel (*Mail&GuardianOnline* 3 Junie 2008).

Op 26 Junie 2008 het die Nasionale Vergadering ’n voorstel van die ANC-beheerde Portefeuljekomitee oor Kommunikasie aanvaar waarvolgens wetgewing oorweeg gaan word om die SABC-raad te herroep. Die voorstel bepaal dat lede van die raad “wat vanjaar weens voortdurende botsing met die uitsaaier se uitvoerende bestuur in die spervuur is, deur die NV verwyder kan word” (Du Toit 2008:21). Op 4 Julie 2008 is ’n kennisgewing in die staatskoerant gepubliseer in terme waarvan kommentaar uitgenooi word op ’n voorgestelde Uitsaaiwysigingswet (2008). Die voorgestelde wetgewing maak spesifiek voorsiening vir die verwydering van ’n lid van die raad van die SABC op aanbeveling van die Nasionale Vergadering en vir die ontbinding van die raad.

In September 2008 het die raad van Sanef weer bevestig dat die liggaam onverpoos sal voortgaan om steun te werf vir die behoud van ’n onafhanklike raad vir die SABC en aangedring op ’n deursigtige aanstellingsproses van ’n tussentydse raad. (Sanef 2008 (b)).¹¹ Teen Oktober 2008 toe hierdie artikel gefinaliseer is, was daar nog geen einde aan hierdie sage nie.

Duncan (2008:21) kom tot die gevolgtrekking dat die “growth of greater executive control over broadcasting could well constitute some of the ‘shreds of evidence’ that media freedom has declined under Mbeki’s administration”. Hierdie interpretasie word ondersteun deur internasionale groepe wat die vryheid van die media monitor, soos Reporters Without Borders, Freedom House, the Media Institute of Southern Africa en die African Media Barometer. Suid-Afrika se status as ’n model vir mediavryheid in Afrika is dan volgens Duncan ook besig om vinnig agteruit te gaan.

4. BESKULDIGINGS, KLAGTES, DISKREDITERING EN AANVALLE OP DIE MEDIA

Die houding tenoor die media, die verwagtinge wat ten opsigte van die rol van die media in die samelewing gestel word, pogings om die openbare uitsaaier te beheer en pogings om eie wette te wysig ten einde meer beheer oor die media te verkry, geskied alles teen die agtergrond van beskuldigings, klagtes, aanvalle op en die diskreditering van die media. In hierdie afdeling word ’n aantal voorbeelde hiervan gegee.

Dit was tipies van die apartheidsregering(s) om die media in die lig van die “totale aanslag” (kommunisme en ’n swart meerderheidsregering) te beskuldig van ’n gebrek aan patriotisme; om die buitelandse media te beskuldig van onakkurate en verdraaide beriggewing; en om die Engelstalige Suid-Afrikaanse media te beskuldig dat hulle spanning en konflik tussen wit en swart sou aanwakker. Verder is die media voortdurend beskuldig van verkeerde perspektiewe en swak beriggewing en die aanblaas van konflik en konfrontasie. Vergaderings met redakteurs en media-eienaars is byeengeroep.¹² Hachten en Giffard (1984:50-75) gee onder andere die volgende voorbeelde:

¹¹ Sien ook Newmarch 2008 vir ’n volledige oorsig van die probleme by die SABC.

¹² Vir voorbeelde hiervan, sien standaardbronne oor die geskiedenis van die media onder apartheid, waar onder, Hachten en Giffard, 1984; Abel, 1995; Shaw, 2008; Pinnock 2008; Zug 2008.

Onder apartheid

Patriotisme

Reeds in 1950, twee jaar ná die Nasionale Party aan bewind gekom het, het die eerste minister van toe, dr. D. F. Malan, versoek dat mediakommentaar en kritiek met 'n patriotisme getemper moet word of daaraan ondergestel behoort te word. Hy was bekommerd dat die Suid-Afrikaanse media volgens hom nie genoeg dissipline gehad het nie.

Buitelandse media

Buitelandse koerante is beskuldig dat hulle mense met onjuiste berigte en artikels mislei het en die openbare mening teen Suid-Afrika aangewakker het. Die minister van buitelandse sake van toe (1956-1963), Eric Louw, het byvoorbeeld geargumenteer dat lasterlike en onwaar koerantberigte oor Suid-Afrika, soos ook in die Verenigde Nasies aangehaal, groot skade aan die beeld van Suid-Afrika aanrig. Hy het dan ook op 'n stadium gevra dat buitelandse joernaliste, wat volgens hom Suid-Afrika se gasvryheid misbruik het, gedeporteer behoort te word.

In dieselfde trant het Albert Hertzog (toe die minister van pos- en telegraafwese) die Suid-Afrikaanse Persassosiasie (SAPA) daarvan beskuldig dat die organisasie 'n monopolie op die verspreiding van nuus gehad het wat “eers deur Londen moes gaan waar dit gefilter en soms verdraai is”.

Die Engelse media

Die Engelse Suid-Afrikaanse media en dié sektor se media-eienaars is gereeld aangeval as 'n oorblyfsel van Britse koloniale mag wat daarop uit was om antiregeringsentimente te propageer en om daarmee die Nasionale Party se ideaal van onafhanklikheid en 'n nuwe nasionale patriotisme te verongeluk.

In 1954 het die eerste mininster, Hans Strydom, gekla dat die Engelstalige pers berigte skryf wat die “natives” teen die land se wette opsteek. In 1957 het hy hierop uitgebrei en die Engelse pers as die land se grootste vyand bestempel. Negatiewe binnelandse en buitelandse beriggewing oor die groeiende polarisasie in die land het hiertoe aanleiding gegee.

Strydom se opvolger, Hendrik French Verwoerd, het op sy beurt weer die ekonomiese depressie in Suid-Afrika aan die onverantwoordelike en onpatriotiese gedrag van die Engelstalige media toegeskryf.

Verkeerde perspektiewe en swak beriggewing

Nadat Suid-Afrika in 1961 'n republiek geword het, het Verwoerd by 'n paar geleenthede kritiek teen sy regering en die apartheidsbeleid aan onakkurate beriggewing en foutiewe (media) interpretasies van die beleid toegeskryf. Onder andere het hy gesê:

... I would like to see members of the press coming together...to ensure that they apply self-control and discipline themselves, and to ensure that their patriotism also serves as a background for them [to] jealously supervise their own profession...I therefore insist that the press, in the interest of South Africa, particularly in the times in which we live, should exercise care and that they should keep an eye on each other.

(Hachten en Giffard 1984: 59-60 aangehaal uit die *Hansard*, April 14, 1961)

Konflik en konfrontasie

Verwoerd se opvolger, John Vorster, se aanvalstaktiek was weer om die media te beskuldig as synde dié bron van konfrontasie tussen wit en swart en vir die aanstigting van rassekonflik met

emosionele beriggewing oor rassekwessies. In weerwil van die bestaan van die reguleringsliggaam van toe, die Persraad, het hy verdere mediaregulering bepleit.

Vergaderings met redakteurs

Die gebruik om die media voortdurend te beskuldig en aan te kla het tot in die vroeë 1990s voortgeduur. In dié tyd het die gebruik ook ontstaan om redakteurs (en media-eienaars) na vergaderings te ontbied. In November 1986 het staatspresident P W Botha byvoorbeeld die hoofde van die vier groot mediagroepes versoek om hom te ontmoet. Later het hy aan die parlement gerapporteer dat hy die mediagroepes meegedeel het dat die media die hande van 'n "diaboliese vyand" versterk. Hy sou slegs vrede in die swart woonbuurtes kon bewerkstellig deur buitelandse televisiekameras te verbied. Hy het aangebied om die hoofstroomkoerante van die beperkings van die noodtoestand wat toe geheers het te vrywaar indien hulle en die Nasionale Persunie sou onderneem om hulself te dissiplineer (Abel 1995:262).

Onder die ANC

Wanneer dit gaan om beskuldigings en klagtes oor die media, dan wil dit voorkom asof die ANC sedert 2000 by die apartheidsregering(s) oorgeneem het. Klagtes en beskuldigings oor 'n gebrek aan patriotisme is vervang met klagtes en beskuldigings dat die media nie bydra tot ontwikkeling nie. Klagtes oor die Engelse en buitelandse media is vervang met beskuldigings dat die media nog hoofsaaklik deur wittes besit word. Beskuldigings dat die media konflik tussen wit en swart sou aanwakker en die "natives" tot opstand sou aanhits, is vervang met beskuldigings teen die sogenaamde Westerse media en mediapraktyke wat verantwoordelik sou wees vir wanbeelde en verkeerde interpretasies van Afrika.

Patriotisme/Ontwikkeling

Sedert 2000 kla regeringsamptenare en kabinetministers periodiek dat die media nie die regering se ontwikkelingsplanne- en ideale ondersteun nie en dat die media dus nie in nasionale belang optree nie.¹³

Blanke eienaarskap as die sondebok

Blanke eienaarskap van die media word dikwels as dié sondebok gesien. Op 26 Januarie 2001 het die ANC sy eie weeklikse elektroniese nuusbrieff, *ANC Today - Online Voice of the African National Congress* begin. Volgens president Thabo Mbeki kan die ontstaan van die nuusbrieff toegeskryf word aan die ANC se siening dat die hoofstroommedia anti-regering is omdat die media nog hoofsaaklik deur wittes besit en beheer word. Só skryf Mbeki:

... We therefore have to contend with the situation that what masquerades as 'public opinion', as reflected in the bulk of our media, is in fact minority opinion informed by the historic social and political position occupied by this minority. By projecting itself as 'public opinion' communicated by an 'objective press', this minority opinion seeks to get itself accepted by the majority as the latter's own opinion.

¹³ Sien, byvoorbeeld "Engaging the puppet master" in *Mail&Guardian* 27 Julie-2 Augustus 2000; "M&G and ANC slug it out in the high court" in *Mail&Guardian* 25-31 Mei 2001; "Media should be an open book" in *Sunday Times* 1 April 2001; "Media moet dans. Skaamtelose verwagting in ANC" in *Beeld* 16 Mei 2001.

(*ANC Today-Online Voice of the African National Congress* Volume 1 (1). 18-24 January 2001. [26 Januarie 2001])

Volume 1(1) van *ANC Today* gaan dan voort met bydraes oor die ANC se siening van die 2000/2001 beweerde wapenskandaal en 'n aanval op die media wat volgens die ANC bykans sonder uitsondering opskuddings oor die wapenskandaal aangehits het.

In die dokument *The balance of forces in 2001: a discussion document of the ANC National Executive Committee* (sien *Mail&Guardian* 11-17 Mei 2001) word die media op ten minste nege plekke as 'n vyand bestempel. Onder andere word dit beaam dat die media besit en in terme van inhoud beheer word deur magte wat verswakking van die ANC op hulle agenda het, wat die ondergang van die ANC wil versnel, en wat die ANC na die belange van hierdie mag (die media) wil rig.

In Mei 2001 het die spanning tussen die media en die regering 'n hoogtepunt bereik toe elf vooraanstaande swart sakemanne die regering se aanval op die media ondersteun het met die publikasie van 'n volbladadvertensie in die *Sunday Times* (12 Mei 2001). In die advertensie beskuldig hulle die media vir die ondersteuning van 'n wit regse komplot teen president Mbeki. Daar word onder meer aangevoer dat

... certain journalists use the language of democracy to subvert democracy ...

... the media provide a platform for a coalition of right-wing forces made up of so-called white liberal politicians ...

Die ANC het die advertensie deur sy woordvoerder, Smuts Ngonyama, ondersteun. Ngonyama het in sy kommentaar onder meer gesê dat verskeie joernaliste anti-regeringagendas het. Op sy beurt het Mathatha Tsedu, op daardie stadium die voorsitter van Sanef, gereageer dat dié Forum nie bewus was van sodanige agendas nie en dat “we do not think the South African media should be ‘imbongise’ (‘praise singers’) of any government and that Sanef hoped that the signatories of the advertisement did not expect or advocate the media to be praise singers of the government” (*Pretoria News* 7 Mei 2001, *Advert slams ‘right-wing white media’*).

Kortom, die beswaar dat die media nog hoofsaaklik deur witmense besit word, duik bykans in alle diskussies oor die media op. Dit kom na vore in argumente oor mediadiversiteit, subjektiewe media-inhoud en selfs in argumente om swart eksklusiwiteit te regverdig.

In *ANC Today* (*ANC Today*, 27 April – 3 Mei 2007) word, byvoorbeeld, geargumenteer dat hoewel vryheid van spraak deel was van die bevrydingstryd en die transformasie van die Suid-Afrikaanse samelewing, die gebrek aan diversiteit in veral die gedrukte media in die weg van vryheid van spraak staan. Diversiteit word dan geïnterpreteer in terme van wit/swart media-eienaarskap. Die nuusbrief beveel dan aan dat media-eienaarskap en mediakonsentrasie as belangrike punte op die agenda van die Polokwane-kongres geplaas moet word.

In soverre dit subjektiewe en bevooroordeelde inhoud aangaan, is die argument gewoonlik dat aangesien die media nog hoofsaaklik in die hande van wittes is en deur wittes bedryf word, die media en mediapraktyke Westers-georiënteerd en bevooroordeel is. Suid-Afrikaanse en Afrika werklikhede word deur 'n Westerse bril bekyk. Dit is hoofsaaklik dié argument wat in gesprekke gebruik word oor wat die rol van die media in Suid-Afrika behoort te wees.¹⁴

¹⁴ Sien hieroor Fourie 2007(a) en 2008 oor *ubuntuïsme* as 'n normatiewe raamwerk vir mediapraktyk en -etiek.

Oor swart eksklusiwiteit het 'n prominente swart akademikus, Professor Shadrack Gutto van Unisa se Institute for African Renaissance Studies, onlangs die besluit van die Forum of Black Journalists goedgekeur om twee wit joernaliste 'n vergadering van die Forum te verbied (sien punt 7). Hy het geargumenteer dat die Forum die reg tot eksklusiwiteit het omdat die media nog hoofsaaklik deur witmense besit en beheer word (Gibson 2008: 13).

Die buitelandse media

Beskuldigings teen die buitelandse media is nie beperk tot die apartheidsregering(s) nie. So, byvoorbeeld, het die ANC by twee geleenthede in 2007 die BBC van vals beriggewing beskuldig. Eers het die ANC se amptelike woordvoerder, Smuts Ngonyama, aan die BBC geskryf om te kla oor 'n BBC program wat volgens die ANC misdaad in Johannesburg en in Suid-Afrika oordryf het. Dit is opgevolg deur kritiek in *ANC Today* dat die BBC by 'n tweede geleentheid die hoeveelheid mense wat aan 'n optog teen misdaad deelgeneem het, oordryf het. Volgens die ANC skep die BBC met sodanige oordrywings doelbewus die indruk dat daar 'n massa-opstand teen die regering oor misdaad in Suid-Afrika aan die gang is. Deur sy posisie as 'n internasionale verspreider van inligting te misbruik, "demoniseer" die BBC Suid-Afrika (Rossouw 2007:6).

Vergaderings met die media

In 2001 het die ANC ook begin met die apartheidsgebruik om vergaderings met lede van die media te hou. In Maart 2001 het lede van Sanef en Mbeki byvoorbeeld ontmoet om die verslegtende verhouding tussen die media en die regering te bespreek. Om daaglikse kommunikasie tussen die regering en die media te fasiliteer, is die moontlikheid toe voorgestel om 'n media-agentskap in die Kantoor van die President (of die sogenaamde Presidensiële Perskorps (PPK)) (soortgelyk aan die sisteem in die Withuis in die USA) op te rig.

Later in die jaar het Sanef en regeringsamptenare op versoek van die Forum weer ontmoet, die keer vir twee dae by Sun City in Noordwes, om die verhouding tussen die media en die regering te bespreek. By dié vergadering het Jacob Zuma (wat toe adjunk-president van die ANC was) onder andere geargumenteer dat die media nie deel van die Afrika Renaissance is nie. Hy het aangevoer dat beriggewing dikwels vol foute was, dat beriggewing fokus en doel ontbreek, swak nagevors is, en dat diepte-analise en balans ontbreek. Om dié rede is dit volgens hom nodig om nuuswaardes (*Westerse nuuswaardes*) en hoe die media daarby uitkom en dit toepas, te ondersoek. Hy het dan ook gevra of die media bloot 'n waarnemer van sosiale werklikhede behoort te wees, eerder as om deel te word van die transformasieprosesse in die land (*Pretoria News* 30 June 2001).

Soortgelyk aan die besware wat die South African Society of Journalists in 1950 (sien punt 6) oor hierdie soort vergaderings tussen die apartheidsregering en die media gehad het, het die South African Union of Journalists (SAUJ), met 'n ledetal van meer as 'n duisend joernaliste, skeptisisme uitgespreek oor Sanef se vergaderings met die ANC en teen 'n ooreenkoms van begrip wat Sanef en die Nasionale Direkoraat vir Openbare Vervolging geteken het oor die dagvaardiging van joernaliste om as getuies in hofsake op te tree (*Mail&Guardian* 25 - 31 Mei 2001(b)).

Die laaste vergadering tussen Sanef en die ANC was ná die Polokwane-kongres in Februarie 2008. Die rol van die media in Suid-Afrika was weer op die agenda, maar die vergadering was veral om protes aan te teken teen die ANC se sekuriteitspersoneel se optrede teen die media en die "swak" hantering van die media tydens die Polokwane-kongres. Tydens die vergadering het Sanef die ANC beskuldig van "boorish behaviour towards the media" en van pogings om die media toegang tot openbare sessies te weier (Sanef 2008 (d)).

Verkeerde perspektiewe en swak beriggewing

Nog 'n gereelde klage is Mbeki se besware oor wat hy as die media se doelbewuste bevooroordeelde uitbeelding van en beriggewing oor Afrika beskou. In hierdie verband kan onder meer verwys word na sy aanval op *Beeld* (en ander mediastories in Januarie 2007) se beriggewing oor Suid-Afrika se pogings om 'n verslag aan die Afrika Unie waarin, onder meer, misdaad in Suid-Afrika gekritiseer word, te blokkeer. In *ANC Today* skryf hy

... this and other reports ... convey a dismal message of African failure and an entrenched, virtually genetic, African disaster. They convey the message once communicated by a prestigious European magazine a few years ago under the dramatic title, 'Africa: the Hopeless Continent'. They [the media-PJF] suggest the persistence of a psychological fixation that feeds a centuries-old and deeply entrenched global Afro-pessimism that is incapable of comprehending any facts indicating that our continent is steadily responding to its most important challenges ...

(*ANC Today* 2-8 February 2007:1)

Die ooreenkoms van aanvalle soos hierdie met die apartheidsregering(s) se aanvalle op die buitelandse en Engelstalige Suid-Afrikaanse media, is weer opvallend.

Die media as oorsaak van konflik en konfrontasie

Nog 'n kernbeswaar van Mbeki is dat die media 'n doelbewuste agenda het om spanning en konflik binne die ANC en tussen die ANC en sy alliansievennote te veroorsaak. Sien in hierdie verband, byvoorbeeld, sy analise van 'n storie wat deur Caiphus Kgosana in *City Press* (30 September 2007) geskryf is oor Mosiuoa "Terror" Lekota, wat op daardie stadium die voorsitter van die ANC was. In die analise (*ANC Today* 5-11 Oktober 2007) sien Mbeki die media se vooroordele as 'n "... deliberate goal to weaken and possibly destroy the ANC ... with 'fabricated' stories".

Hierdie aanval, saam met 'n stroom klagtes teen die media op daardie stadium, dien dan ook as motivering vir die ANC se aanbeveling tydens die Polokwane-kongres oor die oprigting van 'n tribunaal om benewens bestaande regulering die media verder te monitor (sien punt 6).

'n Striemende aanval teen die media in 2007 kom ook van Blade Nzimande, sekretaris-generaal van die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party. Hy vra vir 'n ondersoek oor die rol van media in Suid-Afrika en beklemtoon die noodsaaklikhede om 'n balans te handhaaf tussen menseregte en vryheid van spraak. Hy kla dat die media ten nouste betrokke is by "some of the factional battles within our organisations and of positioning itself in terms of the key debates and challenges inside our broader movement" (*Mail & Guardian* 21-27 September 2007: 4).

Die "nuwe" ANC en die media

Vroeg in Januarie 2008 (kort na die Polokwane-kongres), sit die nuut verkose president van die ANC, Jacob Zuma, Mbeki se gebruik om die media aan te val, voort (*ANC Today* 18-24 Januarie 2008). Dit lei daartoe dat Sanef in die openbaar sy kommer oor Zuma se vyandige opmerkings oor die media uitspreek. Zuma voer onder meer aan dat die politieke meerderheid in Suid-Afrika (die ANC) geen verteenwoordiging in die Suid-Afrikaanse massamedia het nie; dat die media die mening van 'n minderheid verteenwoordig wat dan as die openbare mening verkoop word; en dat die vooroordele van joernaliste verantwoordelik is vir hul foutiewe politieke voorspellings (waarmee hy bedoel dat die media nie sy verkiesing as president van die ANC voorsien het nie).

Zuma argumenteer dat as dit so is dat 'n land se mediasistiem saamgestel word uit sy verskillende politieke, sosiale, ekonomiese en kulturele sektore, dan behoort Suid-Afrika 'n diverse

mediasisteesem te hê. Volgens hom is dit nie die geval nie. Inteendeel, die Suid-Afrikaanse media bied sigself aan as 'n opposisie wat benewens ideologiese motiewe (om die regering tot 'n val te bring) hoofsaaklik deur ekonomiese oorwegings gedryf word. Dit skep 'n politieke-konserwatiewe media wat gewoonlik eers moet poog om sy konserwatiewe adverteerders en lesers gelukkig te hou. Zuma stel dan voor dat 'n mondstuk soos *ANC Today* aan meer mense beskikbaar gestel behoort te word en dat die ANC moet werk aan die transformasie van die hele Suid-Afrikaanse mediasisteesem (*Beeld* 19 Januarie 2008:8; *Mail&Guardianonline* 15 January 2008).¹⁵

Sedert Zuma as president van die ANC oorgeneem het, het hy opgehou om *ANC Today* se weeklikse "Letter from the President" te skryf. Dit was 'n rubriek wat Mbeki as een van sy belangrikste mondstukke gesien het om sy standpunte oor aktuele sake aan die ANC te kommunikeer. Politieke kommentators meen dat Zuma "plainly does not have the literary instincts and that he gives the column up in favor of weekly contributions by other ANC officials and national committee executives" (Hamlyn 2008:1).

Die laaste aanval op die media wat hier gedokumenteer word, het in September 2008 gekom van Cosatu-woordvoerder, Patrick Craven. Dit was ná die uitspraak van regter Chris Nicholson oor die vervolgbaarheid al dan nie van Jacob Zuma. Craven het die media beskuldig oor die manier waarop daar oor Zuma berig is; oor inligting wat volgens die vakverbond vanuit die Nasionale Vervolgingsgesag (NVG) na die media gelek is; dat die media oor 'n tydperk van agt jaar 'n sentrale rol in die manipulering van regsprosesse teen Zuma gespeel het; dat die media 'n skoothondjie van die NVG is en derhalwe die openbare mening doelbewus teen Zuma geswaai het; dat talle lede van die publiek daarom blind was vir die skending van 'n individu (Zuma) se regte (De Lange 2008:2).

5. BESIT VAN EIE MEDIA

Besware soos dié hierbo, of anders gestel, 'n algemene wantroue in die hoofstroommedia, gee daartoe aanleiding dat die regering dikwels dreig om sy eie media op te rig of te koop ten einde sy eie standpunte meer "effektief te kan kommunikeer". Om dit te wil doen, is egter ook nie nuut nie.

Apartheid

So byvoorbeeld het die media tussen 1978 en 1979 die sogenaamde "Inligtingskandaal" en die destydse Departement van Inligting se propaganda onthul. Ten einde sy boodskap te versprei, plaaslike en buitelandse meningsvormers te probeer beïnvloed, en om nasionale en buitelandse media-organisasies te infiltrer, is dit onthul dat die regering onder andere die koerant *Citizen* gefinansier het en besig was met onderhandelinge om die *Washington Star* in die VSA te koop.¹⁶

ANC

Amper soortgelyk word dit laat 2000, vroeg 2001 onthul dat die ANC 'n plan het om sy eie koerant te begin. Die motivering is weer dat die Suid-Afrikaanse en die buitelandse media té krities oor die regering is en té veel op die negatiewe aspekte van die regering en sy beleid en die uitvoering daarvan fokus.

¹⁵ Sien ook latere argumente vir die koop van eie ANC media gebasser op hierdie standpunt en die resolusies van die ANC Polokwane-kongres.

¹⁶ Vir 'n volledige beskrywing van die Inligtingskandaal, sien Hachten en Giffard 1984: 229-261.

In laat 2007 doem herinneringe aan die Inligtingskandaal weer op toe dit aan die lig kom dat 'n multibiljoenrandaanbieding deur Koni Media Holdings gedoen is om Johnnic Communications (Johncom) oor te neem. Johncom besit op daardie stadium onder andere belange in van Suid-Afrika se grootste koerante soos die *Sunday Times*, *Sowetan*, *Daily Dispatch* en die helfte van die *Financial Mail* en *Business Day*. Op daardie stadium is Koni Media Holdings mede-besit deur Groovin Nchabeleng ('n prominente sakeman in die advertensiewese), Titus Mafolo (Presidensiële raadgewer), Ronnie Mamoepa (woordvoerder van buitelandse sake) en Billy Modise (vorige hoof van staatsprotokol). Op daardie stadium was die *Sunday Times* ook gewikkel in 'n geveg met die regering oor 'n reeks stories wat die *Sunday Times* oor die minister van gesondheid se beweerde alkoholisme en ander probleme gepubliseer het (Basson, Brümmer & Sole 2007: 4).

In weerwil van President Mbeki se versekering dat die regering nie van plan was om met die onafhanklikheid van die media in te meng nie, waarsku kritici dat sou so 'n ooreenkoms gesluit word, dit ernstige gevolge vir die onafhanklikheid van die media inhou, gegee die noue verbinde van die "nuwe" eienaars met die regering.

In Julie 2008 was daar opnuut gerugte dat die regering besig is met planne om 'n koerant te koop, die keer die invloedryke *Sowetan*. In die Londense *Times* word uitvoerig berig oor 'n voorlegging wat hieroor aan die Nasionale Uitvoerende Komitee van die ANC gedoen sou word en oor die vasberandenheid van die ANC om sy eie koerant te begin. Dit spruit voort uit die ANC se beskouing, wat sedert die Polokwane-kongres al hoe meer beklemtoon word, naamlik dat die hoofstroommedia deel van die opposisie en derhalwe anti-ANC is. Een van die resolusies oor die media van die Polokwane kongres is dan ook dat

... Die ANC staan voor 'n reuse ideologiese aanslag wat grotendeels deur die opposisie en dele van die hoofstroommedia gedryf word. Hul mikpunt is die bevordering van markfundamentalisme, die beheer van die media...en die behoud van apartheidera ekonomiese en maatskaplike verhoudings. (Du Toit 2008(b):5)

6. KOMMISSIES EN DREIGEMENTE OOR VERDERE REGULERING

Apartheid

Die apartheidsregering(s) het gereeld kommissies van ondersoek gehad oor verskeie aspekte van die inhoud, gedrag, etiek, besit en regulering van die media.¹⁷ So, byvoorbeeld was daar in 1950 'n Perskommissie, wat twaalf jaar geduur en waartydens die media voortdurend met verskerpte regulering gedreig is. Dit het in 1962 uitgeloop op die oprigting van 'n Persraad in weerwil van die media se eie Persraad van Verwysing met sy eie gedragskode.

Die oprigting van die Persraad van Verwysing het aanleiding gegee tot konflik tussen Afrikaans- en Engelssprekende lede van die media – 'n verdeling wat vir dekades bestaan het. Die South African Society of Journalists (SASJ) van toe, wat hoofsaaklik uit Engelssprekende lede bestaan het, het beswaar gemaak dat die pers onder die druk van die regering aan selfsensuur toegegee het.

In terugskoue kan 'n mens vra of sodanige konflik in die geledere van joernaliste nie die regering goed gepas het nie. Tetey (2001:8) wys byvoorbeeld hoe regerings in Afrika in hul pogings om die media te beheer dikwels aanspraak maak op etniese sentimente onder individuele joernaliste. Dit word dan van hulle verwag om professionele etiek ondergeskik te stel aan paragiale

¹⁷ Sien Hachten en Giffard 1984; Oosthuizen 1996.

lojaliteit. Hiermee poog hulle om die professionele eensgesindheid te skend wat gewoonlik onder joernaliste oor hul werk en rol in die samelewing bestaan. Anders gestel, dit kan gesien word as 'n poging om die solidariteit wat nodig is vir die behoud van die media as 'n hekwagter te skaad en ook om spanning tussen die private en die openbare media te skep. Hierdie “taktiek” word dan ook gesien as deel van 'n groter strategie wat bekend staan as “verdeel en regeer” (sien punt 7).

In 1980 is weer 'n kommissie, die sogenaamde Eerste Steyn Kommissie, in die lewe geroep om verslaggewing oor die Suid-Afrikaanse Weermag en die Suid-Afrikaanse Polisie te ondersoek. Toe is onder meer aanbeveel:

- dat nasionale sekuriteit die sterkste sou weeg in konflik tussen die staat en die media
- dat die media selfsensuur sou toepas in sy verslaggewing oor die aktiwiteite van die interne en eksterne vyande van die staat (vyande soos gedefinieer deur die staat)
- dat die media 'n positiewe beeld van die sekuriteits- en verdedigingsmagte van die staat sou propageer en in stand hou
- dat die media die openbare mening sou mobiliseer teen die “totale aanslag” teen Suid-Afrika

Hierdie kommissie is opgevolg deur 'n Tweede Steyn Kommissie wat uitgeloop het op die stigting van die Suid-Afrikaanse Mediaraad wat die Persraad in 1983 vervang het (sien Hachten en Giffard 1984:99; Oosthuizen 1996: 129-132).

ANC

Die situasie waarin die media hom in 2008 bevind, met die ANC wat dreig om 'n tribunaal op te rig om die media se selfregulering te monitor, herinner sterk aan die bostaande geskiedenis van kommissies. Vóór dit was die naaste wat die ANC aan sulke ondersoek gekom het, die ondersoek van die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie in 1999/2000 oor rassisme in die Suid-Afrikaanse media. Die uitkoms was die kontroversiële ondersoekresultaat dat die media rassisties sou wees. Die aanbevelings was onder meer dat die media versoek is om sensitief oor rassekwessies te wees en om in hul onderskeie gedragkodes hiervoor voorsiening te maak.

Die groot kwessie ten tye van die skryf van hierdie artikel (September 2008) was egter die ANC se dreigement om 'n mediatribunaal op te rig. In voorbereiding vir die Polokwane-kongres het die ANC 'n besprekingsdokument met die titel *Communication and the Battle of Ideas* voorberei. Hierdie dokument bevat 26 punte oor die media, onder meer oor vryheid van spraak, diversiteit in die media, die openbare uitsaaiwese, die media en sosiale samehang, en media en gender. Een van die hoofpunte is die ANC se kommer oor die doeltreffendheid van die bestaande reëlings oor selfregulering (die Persraad van Suid-Afrika, Pers Ombudsman, Suid-Afrikaanse Perskode, Paneel vir Appèl, die Uitsaaiklagtekommissee, ensovoorts). Die dokument stel dan 'n Media Appèltribunaal (MAT) voor. Tydens die kongres is die doel van so 'n tribunaal gesien as “to strengthen, complement and support the current self-regulatory institutions in the public interest ... relating to the need to balance the right to freedom of expression, freedom of the media, with the right to equality, to privacy and human dignity for all” (ANC 52nd National Conference 2007 – Resolutions. <http://www.anc.org.za/index.html>. [29 Januarie 2008].

Hieroor het die media en media-organisasies soos Sanef en die Freedom of Expression Institute ernstige kommer uitgespreek. In die algemeen word gemeen dat dit onnodig is om 'n bykomende reguleringsliggaam in te stel, gegee die doeltreffendheid van bestaande meganismes. 'n Vergelyking met soortgelyke stappe wat onder apartheid en dié se kommissies geneem is, is onder die aandag van die ANC en die publiek gebring (Sanef 2008((d); Stolley 2008; Kruger 2008; Du Toit 2007; Rabe 2008).

Op Mediavryheidsdag (April 2008) het lede van die Freedom of Expression Institute, die regsprofessie, politieke en mediasektor, sowel as die Persombudsman die voorstel bespreek en verwerp. Dit is onder meer beskryf as ongrondwetlik en as 'n desperate stap van die ANC (*Mail&Guardianonline*, 29 April 2008).

7. VERDEEL EN REGEER

Ten slotte word daar in hierdie uitwys van ooreenkomste tussen die apartheidsregering(s) en die ANC-regering se verhouding met die media verwys na die onlangse debakel (Februarie 2008) oor die Forum of Black Journalists' (FBJ) se uitsluiting van twee wit joernaliste by 'n vergadering van die FBJ. Hoewel dit waarskynlik nie strategies beplan was nie, herinner hierdie gebeurtenis tog aan die taktiek om die solidariteit tussen joernaliste te skaad en aan die verbrokkeling van verhoudings tussen Afrikaanse en Engelssprekende Suid-Afrikaanse joernaliste in die 1950s. Eweneens kan gevra word of hierdie voorval nie die begin sou kon wees van die verbrokkeling van verhoudings tussen wit en swart joernaliste met ernstige gevolge vir solidariteit in die beroep nie.

Nadat die wit joernaliste 'n klag ingedien het, het die Menseregtekommissie 'n openbare bespreking oor die rasse-eksklusiwiteit al dan nie van organisasies gehou. Dit het tot lewendige diskussies aanleiding gegee waartydens van die swart joernaliste wat met die wit joernaliste gesimpatiseer het, onder meer as "coconuts" of as "black on the outside white on the inside" bestempel is.

Volgens die *Mail&Guardian* het Jacob Zuma, wat by die vergadering van die FBJ was, niks daarmee verkeerd gesien dat wit joernaliste die vergadering verbied is nie. Volgens Zuma is Suid-Afrikaners in die dertien jaar van Suid-Afrika se demokrasie vanuit verskillende agtergronde en sal daar ervarings wees wat mense *eksklusief* met mekaar wil deel. Die voorsitter van die FBJ se reëlingskomitee het die gedrag van sy wit kollegas as skokkend bestempel en hulle daarvan beskuldig dat hulle die aangeleentheid buite verband geruk het ten einde "total commotion" te veroorsaak. Hy het die FBJ met die Suid-Afrikaanse Joodse Raad en die Black Lawyers Association vergelyk. Die Joodse Raad het daarna kapsie gemaak dat dit nie 'n rassistiese organisasie is nie en dat ledetal nie op ras gegrond is nie. Die Menseregtekommissie het ná sy amptelike verhoor bevind dat die FBJ se lidmaatskapbeleid ongrondwetlik is en aangepas moet word om enigeen toe te laat wat die beginsel van die bemaagtiging van swart joernaliste ondersteun (*Mail&Guardianonline* 25 February 2008).

Vir eers is die kwessie laat vaar en die aandag het verskuif na xenofobie en die onluste wat in Mei/Junie 2008 na aanleiding van vreemdelinge haat uitbreek het – iets waarvoor die media ook beskuldig is.

8. GEVOLGTREKKING

In die voorafgaande dele is geargumenteer dat die apartheidsregering(s) 'n verlamende invloed op die media en vryheid van spraak gehad het met voortdurende dreigemente van strenger regulering, kommissies van ondersoek oor die praktyke van die media, en deur voortdurend die media te beskuldig dat hulle, onder meer, nie patrioties sou wees nie en konflik sou veroorsaak. Met die uitsondering van 'n paar sogenaamde alternatiewe koerante, wat ook dikwels ten dele of ten volle verbied is, was die resultaat hiervan 'n geïnhibeerde media wat dikwels te bang was of sigself daarvan weerhou het om die waarheid of volle waarheid te vertel of om die grusaamhede van apartheid te onthul. Benewens meer as 'n honderd wette of dele van wette wat op die media van toepassing was, kan dit ook geargumenteer word dat bogenoemde optredes teen die media aanleiding gegee het tot selfsensuur – die bewustelike of onbewustelike daad om inligting te

weerhou of om inligting so aan te bied dat 'n regering nie die harnas in gejaag word nie. In terugskoue weet Suid-Afrikaners vandag wat die effek van hierdie optredes teen die media op die Suid-Afrikaanse samelewing was en kan baie mense skuil agter die verskoning “ons het nie geweet nie” of “ons het nie die waarheid geken nie”.

Boonop het die apartheidregering(s) se voortdurende optrede teen en uitskel van die media 'n wantroue onder die publiek in die media geskep en dikwels die persepsie gelaat dat die media deel van die vyand is.

Onderliggend aan hierdie benadering tot die media was 'n totalitêre en outoritêre beskouing oor die rol van die media in die samelewing en dus van die media as 'n instrument wat gebruik moes word om 'n eie politieke ideologie en mag te bevorder.

Wat die bostaande dokumentasie van die ANC se optredes teen die media probeer doen, is om uit te wys dat ons vandag opnuut met optredes teen en negatiewe beskouings oor die media gekonfronteer word. Dit is optredes en beskouings wat as dit nie in toom gehou word nie dreig om uit te loop op 'n skending van vryheid van spraak en sensuur soortgelyk aan wat Suid-Afrikaners onder apartheid geken het. Dit alles geskied onder die dekmantel van die ANC se oënskynlike libertynse opvattinge oor die waarde van vryheid van spraak en 'n vrye media.

Ten slotte, uiteraard is die media nie altyd onskuldig nie en kan talle strukturele gebreke wat ten nouste saamhang met die aard van die joernalistieke professie en die politieke ekonomie van die media uitgewys word. Dit is egter nie die onderwerp van hierdie artikel nie. Al wat hierdie artikel wil doen is om aan te toon, te dokumenteer, maar veral om te waarsku dat die vryheid van die media weer bedreig word. Die boodskap is dat die stryd om vryheid van spraak en die vryheid van die media voortduur.

BIBLIOGRAFIE

- Abel, RL. 1995. *Politics by other means. Law in the struggle against apartheid, 1980-1994*. London: Routledge.
- African National Congress. 1992. *Free, fair and open. South African media in the transition to democracy. Papers, recommendations and resolutions: Part 1*. Johannesburg: Campaign for Open Media.
- African National Congress. 2007. African National Congress 52nd National Conference 2007 – Resolutions. Resolutions formulated and discussed about the media at the ANC Policy Conference, Gallagher Estate, 27-30 June 2007, and at the ANC 52nd National Polokwane Conference, 16-20 December 2007. <http://www.anc.org.za/index.html> [29 Januarie 2008].
- African National Congress 52nd National Conference 2007 – Resolutions. <http://www.anc.org.za/index.html>. [29 Januarie 2008].
- Basson, A. 2007. SABC: simply incredible. *Mail & Guardian*, 2-13 September: 4.
- Basson, A., Brümmer, S & Sole, S. 2007. Behind the Johncom bid. *Mail & Guardian*, 9-15 November: 4.
- Berger, G. 1999. Towards an analysis of the South African media and transformation, 1994-99. *Transformation*, 38 (1999): 82-116.
- Blake, C. 1997. Democratization: The dominant imperative for national communication policies in Africa in the 21st Century. *International Communication Gazette* 59(4): 253-269.
- Bourgault, LM. 1995. *Mass media in Sub-Saharan Africa*. Bloomington and Indianapolis: Indiana University Press.
- Dawes, N. 2007. The Bill must fit the Constitution. *Mail&Guardian*, 4-10 May: 2.
- De Lange, L. 2008. Cosatu kap na media oor 'partydigheid'. *Beeld*, 17 September:2.
- Du Toit, P. 2007. Die ànder geveg in Polokwane. *Beeld*, 11 Desember 2007: 17.
- Du Toit, P. 2008(a). ANC 'n stap nader aan beheer oor SABC-raad. *Beeld*, 27 Junie 2008:21.
- Du Toit, P. 2008(b). ANC het glo reeds belegger vir koerant. *Beeld*, 12 Julie 2008:5.
- Duncan, J. 2008. Executive overstretch: South African broadcasting independence and accountability under Thabo Mbeki. Jane Duncan. *Communicatio. South African Journal for Communication Theory and Research*, 34 (1) 2008.
- Ensor, L. 2002. Regional TV services plan unconstitutional. *Business Day*, 18 September 2002.

- Fourie, P.J. 2002. Rethinking the role of the media in South Africa. *Communicare*, 21(1): 17-41.
- Fourie, P.J. 2003. The future of public service broadcasting in South Africa: the need to return to basic principles. *Communicatio*, 29 (1 & 2): (162) 148-182.
- Fourie, P.J. 2007(a). Moral philosophy as the foundation of normative media theory: The case of African *ubuntuism*. *Communications*, 32(2007): 1-29.
- Fourie, P.J. (red.) 2007(b). *Media Studies: Volume 1: Media history, Media and society*. 2nd edition. Cape Town: Juta.
- Fourie, P.J. 2008. *Ubuntuism* as a framework for South African media practice and performance: Can it work? *Communicatio. South African Journal for Communication Theory and Research* 34(1): 53-80.
- Fourie, P.J, Nel, S & Wigston, D. 2006. The media system and co-operative regulatory systems in the media sector of South Africa. Study on Co-regulation Measures in the Media Sector commissioned by the European Commission, Directorate Information Social Unit A1 Audiovisual and Media Policies, Digital Rights, Task Force on Coordination of Media Affairs. Hans-Bredow Institut für Medienforschung an der Universität Hamburg, Germany. <http://www.hans-bredow-institut.de/forschung/recht/co-reg/reports/2/index.html> [30 Oktober 2007].
- Gibson, E. 2008. 'MRK verkeerd oor joernaliste'. Gutto sê media is nog in wittes se hande. *Beeld*, 25 April 2008: 12.
- Hachten, W.A. & Giffard, C.A. 1984. *Total onslaught. The South African press under attack*. Johannesburg: Macmillan.
- Haffajee, F. 2006. Inside the SABC. *Mail & Guardian*, 13-19 October: 4-5.
- Hamlyn, M. 2008. Zuma gives up Mbeki's weekly online column. *Mail&Guardianonline*. www.mg.co.za [15 Februarie 2008].
- Hutton, L. 2008. South Africa: To be secret or not to be secret, that is the question. ISS Today. Institute for Security Studies. <http://www.issafrica.org> [29 April 2008].
- Krüger, F. 2008. Regulating press freedom: a bad idea. *Mail&Guardianonline*. <http://www.mg.co.za> [4 Januarie 2008].
- Louw, PE & Tomaselli, K. 1994. Considerations on the role of the media and information in building a New South Africa. *Africa Media Review* Vol 8 (2).
- Mashele, P. 2007. Propaganda as journalism? *Mail & Guardian*, 21-27 September: 30.
- Newmarch, J. 2008. The SABC war zone. *The Weekender*, 6-7 Spetember: 7.
- Ogbondah, C.W. 1997. "Communication and democratisation in Africa: Constitutional changes, Prospects and Persistent Problems for the Media", *Gazette* 59(4-5): 271-294.
- Oosthuizen, LM. 1989. *Media policy and ethics*. Cape Town: Juta.
- Oosthuizen, LM. 1996. The New World Information Order, in *Introduction to Communication. Course Book 5: Journalism, Press and Radio Studies*, edited by LM Oosthuizen. Cape Town: Juta.
- Oosthuizen, L. 2001 (a). The external media policy framework: From restrictive policy to the democratization of communication, in *Media Studies: Volume 1: Institutions, theories, issues*, edited by P.J. Fourie. Cape Town: Juta.
- Oosthuizen, L. 2001 (b). Media ownership and control, in *Media Studies: Volume 1: Institutions, theories, issues*, edited by P.J. Fourie. Cape Town: Juta.
- Pinnock, D. 2007. *Writing left: The radical journalism of Ruth First*. Pretoria. Unisa Press.
- Pretorius, L. 2008. *SABC motion: 'Disgusted' DA walks out*. The Media. Available: <http://www.themediaonline.co.za>. Accessed: 5/3/2008.
- Rabe, L. 2008. Tribunaal vir die 'stryd om idees'. *Beeld*, 17 Januarie 2008: 8.
- Rossouw, M. 2007. ANC sien weer rooi oor BBC-misdaadberig. *Beeld*, 19 Maart 2007:6.
- Sanef, 2008(a). SA National Editors' Forum concerned with developments at the SABC. <http://www.sanef.org.za> [9 Mei 2008].
- Sanef, 2008(b). Sanef media statement following Sanef Council Meeting in Grahamstown. <http://www.sanef.org.za> [10 september 2008].
- Sanef. 2008(c). Press Statement by SA National Editors' Forum. <http://www.sanef.org.za> [21 Januarie 2008].
- Sanef. 2008(d). Treatment of the media at the 52nd ANC National Conference. <http://www.sanef.org.za> [21 Januarie 2008].
- Shaw, G. 2008. Believe in miracles. South Africa from Malan to Mandela and the Mbeki era: a reporter's story. Cape Town: Ampersand Press.
- Skinner, K (Red). 2007. Meeting their mandates? A critical analysis of South African Media Statutory Bodies. Cape Town: Open Society Foundation for South Africa.

- Smuts, D. 2002. Broadcasting requires neutral regulator. *Business Day*, 28 October 2002.
- Steenveld, L. 2004. Transforming the media: A cultural approach. *Critical Arts* 18(1):92-115.
- Stolley, G. 2008. ANC media tribunal 'threatens press freedom'. *Mail&Guardianonline*. <http://www.mg.co.za> [4 Januarie 2008].
- Tettey, W.S. 2001. The media and democratization in Africa: contributions, constraints and concerns of the private press. *Media, Culture & Society*, Vol. 23: 5-31.
- Tyson, H. 1993. *Editors under fire*. Sandton: Random House.
- Zug, J. 2007. *The Guardian: The history of South Africa's extraordinary anti-apartheid newspaper*. Pretoria: Unisa Press.

Koerante en Aanlynkoerante

- ANC Today, 2-8 Februarie 2007. Vol. 7(4). *Letter from the President: The AU determined to accelerate African renewal*.
- ANC Today, 27 April-3 Mei 2007. Vol. 7(16). *Policy discussion documents IV: Pursuit of profit undermines media freedom*.
- ANC Today, 5-11 Oktober 2007. Vol 7 (39). *What the media says: Manufacturing usable lies*.
- ANC Today, 18-24 Januarie 2008. Vol 8(2). *The voice of the ANC must be heard*.
- Beeld, 16 Mei 2001. "Media moet dans. Skaamtlose verwagting in ANC".
- Beeld, 19 Januarie 2008. *SA media is in Zuma se visier. Redakteursforum sê hy kwel hom oor 'vyandigheid'*.
- Mail & Guardian*. 27 Julie -2 Augustus 2000. "Engaging the puppet master".
- Mail & Guardian*. 11-17 Mei 2001. The balance of forces in 2001: a discussion document of the ANC National Executive Committee.
- Mail & Guardian*. 25-31 Mei 2001. "ANC slug it out in the high court".
- Mail & Guardian*. 25-31 Mei 2001 (b). "SAUJ slams editors' agreement with policy".
- Mail & Guardian*. 6 -12 Julie 2001. "Mbeki fixated on his image".
- Mail&Guardian*, 21-27 September 2007. *More calls to clamp down on media*.
- Mail&Guardian*, 19-25 October 2007. *A dirty war*.
- Mail&Guardianonline*, 15 January 2008. *Zuma is hostile towards the media, says Sanef*. www.mg.co.za [15 Februarie 2008].
- Mail&Guardianonline*, 25 February 2008. *SAHRC to debate black media forum*. www.mg.co.za. [31 Maart 2008].
- Mail&Guardianonline*, 31 March 2008. *SABC employees threatened*. www.mg.co.za [31 Maart 2008].
- Mail&Guardianonline*, 9 April 2008. *Rights commission hits back at Makoe*. www.mg.co.za [10 April 2008].
- Mail&Guardianonline*, 29 April 2008. *Media tribunal 'unconstitutional'*. www.mg.co.za [5 Maart 2008].
- Mail&Guardianonline*, 3 June 2008. *SABC board appointment process to be reviewed*. www.mg.co.za [6 Junie 2008].
- Pretoria News*. 7 May 2001. "Advert slams 'right-wing white media'".
- Sunday Times*. 1 April 2001. "Media should be an open book".

Suid-Afrikaanse wette

- South Africa 1950. Internal Security Act, Act 44 of 1950 1950/Act 32 of 1979. Pretoria: Government Printer.
- South Africa. 1961. South African Government Gazette. Hansard , April 14, 1961.
- South Africa. 1974. Publications Act, 1974 (Act No. 42 of 1974). Pretoria: Government Printer,
- South Africa. 1981. Commission of Inquiry into the Mass Media. Report of the Commission of Inquiry into the Mass Media. Pretoria: Government Printer.
- South Africa. 1996. The Constitution of the Republic of South Africa. Act 108 of 1996. Pretoria: Government Printer.
- South Africa. 2002. Broadcasting Amendment Act. Pretoria: Government Printer.
- South Africa. 2003. Films and Publications Amendment Bill. Pretoria: Government Printer.
- South Africa. 2008. Protection of Information Bill. Pretoria: Government Printer.